

25 Junie

**Skrifgedeelte: Markus 7:31-37 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Markus 7:31-37**

### **Genesing van 'n doofstomme**

Die Dekapolis se bevolking was hoofsaaklik heidene. Die man wat hulle na Jesus bring, se doofheid en stottering is tekenend van die mens se verlorenheid in sonde. As gevolg van die sonde het dinge soos doofheid, stomheid, siektes en uiteindelik die dood gekom.

As Jesus sy vingers in die man se ore steek en met sy speeksel sy tong aanraak, bring Hy sy gesonde organe in aanraking met die man se getrefde organe. En daardeur teken Jesus met hierdie wonder dat Hy as die Messias, as Verlosser gekom het om die ewige lewe te bring. Op Golgota het Hy uiteindelik sy bloed vir die verlore mensheid gegee. Hy gee Homself: Neem, eet, dit is My liggaam. Drink almal daaruit, dit is My bloed.

Jesus se sug voordat Hy die man genees, toon juis sy medelye as Hoëpriester met die mens in sonde wat onder die gevolge van sonde gebuk gaan (Heb. 4:15) en dat Hy, soos Jesaja 35:5, 6a profeteer, gekom het om die oë van blindes te open, die ore van dowes te ontsluit en die tong van die stomme te laat jubel. Met die verlossingswoord "Effata", dit is: "Gaan oop", kanselleer Jesus die effek van die sonde op die man se ore en mond. Jesus het gekom om 'n einde aan siekte en uiteindelik die dood te bring deur vir die oorsaak daarvan, die sonde, te kom sterf. In die hiernamaals sal daar geen meer siekte en gebreke wees nie.

Die mensdom is egter deur die sonde almal doof vir hierdie verlossings-Woord van God en stotterend en stom om sy lof te verkondig. Maar deur Jesus se offer en die Heilige Gees se werking het die verlossende "Effata" ook tot ons ore, wat nie wou hoor en ons monde wat nie van Hom wou spreek nie, gekom.

Hy het hierdie mense beveel om nie van hierdie wonder te gaan vertel nie, want hulle het op daardie moment nog nie die volle evangelie gehad nie. Hierdie man het maar tydelike verlossing gevind, Hy sou uiteindelik eenmaal maar weer agteruitgaan, siek word en sterf. Jesus wou nie gehad het mense moes Hom net vir sy wonders opsoek nie. Hy het nie gekom om maar net liggaamlike kwale en gebreke te genees nie. Hulle moes Hom uiteindelik opsoek as Verlosser van sonde en tot geloof in Hom kom.

Ons wat leef ná Christus se verlossing op Golgota mag egter nou juis nie swyg oor sy verlossing nie. Deur die Gees is ons ore geopen en ons tonge losgemaak. Ons kan Christus as Verlosser ken, prys en verkondig.

Sing: Skrifberyming 7 (5-2):3, 4

Ds. CJJ Putter (Potgietersrus)